

Donderdag 19 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:2 (AFR83)

Die evangelie van regverdigmaking deur Christus alleen!

Daar is ongelukkig steeds gelowiges wat dink dat hulle hulself regverdig maak in God se oë deur sekere dinge te doen. Dinge soos byvoorbeeld Bybellees en bid en goeie werke. Dit is 'n tendens wat Paulus ook raakgeloop het by die gemeentes wat hy besoek het.

Hierdie mistasting het die Korintiërs ook bedreig. Daarom skryf Paulus aan hulle: “Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos wat ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom” (1 Kor. 15:2). En dan gaan Paulus voort om die belangrikste van dit wat hy aan hulle oorgelewer het, op te som in vers 3-8: Christus het vir ons sonde gesterf, volgens die Skrifte, hy is begrawe en het op die derde dag opgestaan uit die dood, en daarna het Hy aan baie mense verskyn.

Ja, die evangelie wat Paulus deurgaans verkondig het, is dat God heilig is en dat jy alleen in gemeenskap met Hom kan leef as jy deur Hom regverdig verklaar is. Verder: Jy kan alleen regverdig verklaar word as Jesus Christus jou, wat dood is in jou sonde, regverdig gemaak het deurdat Hy vir al jou sondes aan die kruis betaal het. Paulus beklemtoon dit in vers 2 dat 'n mens alleen só, deur Christus, gered kan word – en as jy anders glo, het jy tevergeefs tot geloof gekom.

Hierdie evangelie is die ware evangelie en dit vul jou met dankbaarheid, omdat jy glad nie deur jou eie verdienste nie, maar deur Christus alleen, uit genade alleen, gered word! Hou vas hieraan. Dit is die ware evangelie!

Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)